DOEN WAT JY GLO; GLO WAT JY DOEN!

WATERKLOOFKERK; SONDAG 15 JULIE 2018; MATTEUS 7:15-27; UITSENDING VAN NICO DE KLERK

Nico de Klerk gaan deur ons land stap. Van dorp na dorp en van *township* na *township*. Om 'n boodskap van hoop - van geloof en entrepreneurskap oor te dra.

Is dit vreemd? Ja, vir ons is dit vreemd. Maar in terme van ons geloofsverhale is dit glad nie vreemd nie maar deel van 'n bekende patroon. Het Abraham, die vader van die geloof, nie sy veilige bestaan en voorspoed in Ur van die Chaldeërs gelos en getrek na 'n land wat hy gehoor het God hom sou wys nie? Hy weet nie waar hy heen gaan nie! Hy het 'n visie maar geen duidelike doelwit nie. Hy doen egter wat hy glo God hom voor geroep het.

Ook Noag bou 'n skip en mense lag daarvoor. Maar hy doen wat hy glo en wanneer die spottery erg raak, glo wat hy doen kom van die Here. En Moses waag dit om al hakelende met die Farao te praat en met die klaende volk deur die woestyn te trek. Dawid maak nie sy vyand Saul dood soos wat verwag kan word nie maar doen die vreemde ding, sny net sy mantel se punt af. So kan ons aangaan en elkeen van ons sal nog 'n Bybelfiguur kan noem wat oënskynlik vreemd maar daarom juis gelowig opgetree het.

Die dissipels los hulle werk om saam met Jesus te gaan. Paulus maak 'n drastiese ommekeer. Klim as Jood op 'n skip en vaar orals ronde n en vertel dat Jesus God die duidelikste kom wys het. Stig klein Christelike gemeentes waarin mans en vroue, Grieke en Jode , slawe en vrypersone gelyk is. Eeue later hou die patroon aan. Franciskus van Assissi wend hom na die armes en die diere van sy tyd. Die Franse Hugenote los hulle plase en huise en vlug eerder as om hulle geloof te versaak. Henri Nouwen los sy professorpos by Yale en gaan lewer diens in 'n inrigting vir verstandelik gestremdes....ensovoorts!

Moet almal van ons nou iets los om die andersoortige, die vreemde, die buitengewone te gaan doen? Ek meen Jesus se antwoord is: Nee én Ja.

Nee, God vra nie ons moet almal oppak en almal sendingwerk in byvoorbeeld China gaan doen nie. God het nie een patroon en een resep vir ons almal nie. Hy maak ons verskillend en behandel ons verskillend. Vir die jongman vra Jesus as die Koninkryk van God vir hom belangrik is moet hy drasties iets vir armes doen maar vir Martha sê hy as die koninkryk in haar wil groei moet sy ophou om te veel te doen!

Ja, God vra van ons 'n buitengewone lewe. Van ons elkeen – niemand wat gelowig is, is uitgesluit nie. Elkeen word geroep om anders te lewe. Om iets te doen en te leef wat die wêreld

en ons land gesonder sal maak. Om wat ons glo – dat God ons gebruik, dat mense nuwe geleenthede moet kry, dat mense hoop nodig het, dat ons eers 'n gesonde samelewing sal wees as die reuse klowe in ons land kleiner word – dat ons iets sal doen, sal opoffer dat dit kan gebeur!

Kom ons herinner onsself aan die andersheid van lewe wat God deur Jesus van ons vra:

Matteus 7: 1-2, 13-27

Ek weet van hierdie andersoortige manier van lewe van kleinsaf maar hoe min leef ek dit regtig ? Veral as slegte dinge gebeur, as daar negatiewe energie kom - of soos Jesus waarsku storm en wind kom - dan faal ek. Dan reageer ek maar soos elkeen sou en kry nie die negatiewe energie positief gedraai nie.

Dis 'n algemene probleem en nie beperk tot gelowiges nie. Mense weet dat hulle dit of dat behoort te doen. Vir my gesondheid behoort ek sekere dinge te los en ander te doen. As ek treur aan 'n geliefde het ek nodig om sekere dinge te doen maar ek kom nie daarby nie. As my humeur hand uit ruk, moet ek ernstig daaraan werk.

Shawn Achor (The Happiness Advantage) vertel dat hy oortuig is dat klein bietjie musiek hom gelukkiger sou maak. Gelukkiger mense is effektiewer. Hulle kan langer aanhou en harder werk. (Wat mens laat dink alle wêreld Kevin Anderson jy moet gelukkig wees as jy 6 uur en 36 minute kan tennis soos in eergister se Wimbledon halfeind! Daarom voeg Anchor by die sterk oortuiging oor musiek en geluk 'n voorneme om elke dag vir 3 maande sy kitaar uit te haal en bekende en geliefde stukke te oefen. Sy doelwite is maklik en bereikbaar . Maar die motiveerder van mense misluk klaaglik. Geskok oor hy so gou ophou en so min regkry, moes hy sy strategie verander.

As dit nie werk met 'n aangename saak soos kitaarspeel vir ons eie geluk nie hoe kan dit werk om gesonder te eet en ons help om ons land te heel met Christus se soort liefde en lewe?

Ons probleem sê geleerdes (bv Reinhold Niebuhr) is dat ons as Westerlinge die denkpatroon van Plato eerder as die van Aristoteles volg. Dat ons dink dat ons net met die nodige kopkennis noodwendig goed en reg sal lewe. In die kerk - veral Protestanste kerke - het ons die denkpatroon oorgeneem Ons moet die Bybel ken of die kategismus ken en dan volg byna outomaties 'n Christus-soortige lewe.

Maar die Bybel, die Joodse denkpatroon en Aristoteles leer anders. Gaan nie om kopkennis in die eerste plek nie maar kennis as 'n verhouding, kennis vanuit ervaring, kennis vanuit die doen en die gewoonte om te doen. Ons sal mense bv nie meer oordeel as ons mense werklik ken en hulle stories gehoor het nie. Kennis van liefde is nie om van liefd ete weet nie maar om dit te doen. Liefde is opoffering nie idillies en sentimenteel nie. Kennis van God is om te doen wat ons oortuig is God vra. Dis nie kennis van die kop alleen nie maar van hart, en van wil en van kop.

Dit help Achor toe hy sy kitaar uithou om dit heeldag te kan sien en so sy voorneme uitbrei na sy hart en deurlopend in sy gedagtes koester. Jesus vra dat ons 'n bewussyn van God se teenwoordigheid en ons afhanklikheid moet kweek.

Nike se slagspreuk 'Just do it' vat dit nogal saam. In 'n sportnaweek soos hierdie sien mens die teken baie. Die uiters suksevolle slagspreuk van Wieden en Kennedy is hierdie maand 30 jaar oud. Die stories rondom die logo en slagspreuk is die moeite werd om te google.

Dit is wat duikers en Thaise redders gedoen het met die jong sokkerspan. Daar was denke en beplanning. Maar iets moes vinnig gedoen word en daar moes spanwerk wees. Die hele wêreld is aangegryp deur die durf en die opoffering en die spanwerk van die daadwerklike doen om die seuns te red. Met die normale omslagtige manier deur die staat en die kerk sou die seuns dood gewees het tsv al die mooi voornemens. Drastiese optrede is nodig. Ook om ons land te red.

Ons kan voel ons moet nog dink wat om te doen in ons land wat soos 'n donker grot onder water is en waar mnes enie kan swem nie. Nico kan dalk voel ek wens ek kon nog meer beplan, fondse kry, begroting en dit en dat. Doen dit net! Doen nou wat jy glo die Here op jou hart lê.

In die gewone lewe raak ons moedeloos en sien dikwels nie meer kans nie Met julle onderneming sal dit veel meer so wees, Nico. Daarom nie net 'Doen wat jy glo nie' maar ook 'Glo wat jy doen!' Glo wat jy doen, glo dat Die Here dit sal seen en gberuik om ons land te heel.

AvN, Koninkrykstyd 2018.